# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (03/16)

*Justin Chadwick 5 Februarie 2016*

***Isn't it interesting that the same people who laugh at science fiction listen to weather forecasts and economists? Kelvin Throop III***

## DROOGTE IN SUIDER-AFRIKA

Maande gelede het die weervoorspellers dit reg gehad toe hul swaarder reënval in die suidwestelike dele van Suid-Afrika voorspel het, en lae reënval in die res van Suid-Afrika, Swaziland en Zimbabwe. Die swaarder reënval is teen die einde van 2015 ondervind wat gelei het tot vol riviere en damme in die **Oos- en Suid-Kaap** – vir sitrus sluit dit die Sondagsrivier, Gamtoosrivier (Patensie) en Katrivier opvangsareas in. Hierdie streek produseer meer as 25% van Suid-Afrika se uitvoersitrus en is reg vir 'n goeie 2016 seisoen.

Die laer reënval in die **Noorde** het met hoë temperature gepaard gegaan. Droë toestande duur voort en almal hoop dat die volgende deel van die voorspelling waar sal word – laat somerreëns in die Noorde.

Die **Wes-Kaap** kry sy reën in die winter - gewoonlik!! In 2015 was die reënval 69% van die gemiddelde, dit tesame met minder sneeu het die vloei van die riviere beïnvloed. Die Clanwilliamdam is slegs 53% vol (20/1 – in 2015 op dieselfde tyd was dit 72%). As gevolg hiervan is beperkings van 37% ingestel.

In die **Noord-Kaap** is die Van der Kloofdam 65% vol en die Gariepdam 49%. Alhoewel dit gereën het, was dit in die opvangsarea onder die dam en het dus nie die dam se vlakke beïnvloed nie. Die Vaalharts-keerwal wat die besproeiingsskema voed is 70% (2015 87%) vol.

In **Mpumalanga-**provinsie is die gemiddelde damvlakke by 60.8% - teenoor 92.4% 'n jaar gelede. Die dam wat Marble Hall en Groblersdal streke (Loskop dam) voorsien, is 61.2% vol, in vergelyking met 100% 'n jaar gelede. Damme wat aan Onderberg en Nelspruit voorsien is onder dieselfde druk; Driekoppies 49% vs 91% in 2015, Kwena 56% vs 100% en Vygeboom 72% vs 100%. Ohrigstaddam is net 9% (2015 55%) vol. Dit het gereën (25 tot 55 mm), maar nog reën is verseker nodig.

**Kwazulu-Natal**, en veral die noordelike dele kry swaar: Hluhluwe-dam is 20% (2015 60%) vol en Pongolapoortdam het 48% (2015 72%) water. Die Bivane-dam wat water aan Pongola voorsien is net 13% vol (of moet lees 87% leeg!!). Die Goedertroudam wat water aan Nkwalini voorsien is 27% vol - in 2015 was dit 51%.

In **Limpopo-provinsie** is die Letsitele-area onder 30-35% water toekennings, die vlak van die Tzaneendam het tot 36% gesak; dit tesame met die hitte het ongelooflike stres op die sitrusbome geplaas. Minder as 100 mm het die seisoen geval; baie min vanaf mid-Desember. Die reënval was sporadies en nie wydverspreid nie. Plaasdamme is af na 25% in kapasiteit, boorgate is geboor, maar kan nie in die aanvraag voorsien nie. Soortgelyke toestande word in Hoedspruit ondervind, alhoewel sekere plekke hoër reënval as Letsitele angeteken het. Die Blyderivierpoortdam is 55% (100% in 2015) vol.

Daar is nie damme in die Limpoporivier nie en die vloei is heelwat laer as die gemiddelde. Sporadiese reën het in die verre noordelike Limpopo streek geval, met 85 tot 130 mm wat in verskillende plekke in **Zimbabwe** aangeteken is. Die Zhave-dam wat die Umzingwanirivier beïnvloed, is by 60% van sy kapasiteit . Laasgenoemde word op sy beurt gebruik om van die Zimbabwiese sitrus te besproei.

Meeste produsente is bekommerd oor die oes in 2017 as die laat somerreëns nie kom nie. Baie damme gaan dan kritiek laag wees en water wat nodig sal wees om die 2017 oes te vestig sal in alle waarskynlikheid nie beskikbaar wees nie.

Positiewe aspekte van die droogte is dat vrugkwaliteit in 2016 uitstekend gaan wees, en dat probleme met siektes en plae minimaal behoort te wees. Terwyl die impak van die droogte op CGA lede kommerwekkend is, is die sosiale ongelukkigheid wat gaan ontstaan weens die effek van die droogte, ewe onstellend. Dit is geen geheim dat Suid-Afrika groot hoeveelhede van die stapelvoedsel in Suid-Afika – wit mielies – sal moet invoer nie; dit is net die hoeveelheid wat onbekend is. Mielies se toekomstige pryse is reeds by rekordvlakke; en mieliemeel se prys is ook besig om te styg. Dit kan die prystoenames van sommige groentes volg wat tussen November 2015 en Januarie 2016 verdubbel het. Vir diegene in die lae inkomste klasse wat 50% of meer van hul inkomste aan kos spandeer is dit 'n groot slag – as kospryse verdubbel, hoe kan hul 100% van hul besteebare inkomste aan kos spandeer? Ongelukkig in Suid-Afrika neem sosiale onmin dikwels 'n geweldadige aard aan en almal word geraak. Daar is baie wat gedoen moet word om die krisis aan te spreek – bronne van wit mielies moet gevind word (baie min lande het 'n oorskot); infrastrukture wat gewoonlik 'n maksimum van 3 miljoen ton invoer sal nou met 'n moontlike 8 miljoen ton moet deel; en hoe spreek jy die vermoë om te betaal aan? Die sitrusbedryf het 'n sentrale rol om in voedelsekerheid te speel – die lone wat aan meer as 100 000 Suid-Afrikaners betaal word, verseker dat hul hulself en hul families kan voed.

Die CRI het 'n Snykant (Nommer 208) met die titel **BESTUUR VAN SITRUSBOORDE TYDENS TYE VAN DROOGTE** vrygestel. Produsente wat dit nie ontvang het nie, kan vir Jean - jeanDeG@cri.co.za kontak. Die dokument bevat algemene advies oor hoe om jou boord te bestuur in hierdie tye van droogte; met klem op besproeiing en bemesting.

## SNYKANT

Nog drie Snykante van belang is onlangs vrygestel: Nommer 207 "Export Citrus Post Harvest Labelling Considerations"; Nommer 209 "Further Update on Post-Harvest Treatment Declarations" en Nommer 210 Geregistreerde Kwekerye.

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**

justchad_cga